Die WVK

Openbare debat en die rol van geloofsgemeenskappe

By 'n kongres in Maart op Stellenbosch waar verskeie sprekers voordragte gelewer het oor die toekoms en rol van die NG Kerk, het Antjie Krog 'n bydrae gelewer met die titel: "The Truth-Commission: Public debate and the role of religious bodies(Afrikaner/DRC)." Hier is 'n verkorte weergawe van haar voordrag.

Die kern van haar argument verwoord sy soos volg: "To use this opportunity to try to determine what kind of religious spaces are needed in the country, more especially in the rural areas and to explore whether the churches and especially the Afrikaans Churches are or can be providing these spaces. In conclusion I would like us to consider whether South Africa can afford to be without such spaces."

Ruimtes verskaf deur die kerk gedurende die apartheidsjare

Antjie vertel van die interessante mengsel van kerke gedurende die sewentiger- en tagtigerjare in die plattelandse dorp waar sy haar op daardie stadium bevind het. Elk met sy eie samestelling en die gepaardgaande vooroordele jeens dié groepe aan die kant van die "proudly white" Afrikaners.

Gedurende die tagtigerjare het sy skool gehou by 'n Kleurlingskool en was een van haar take om die skoolkoor op die klavier te begelei. In 'n landswye kompetisie het die koor derde gekom en het hulle besluit om met die oog op die toekoms nog meer tyd te spandeer aan voorbereiding. Die kerk waaraan sy behoort het, het 'n kampterrein naby 'n dam gehad wat meeste van die plaaslike skole vir verskillende aktiwiteite gebruik het. Haar aansoek om die terrein vir die koor se voorbereiding te gebruik, is afgekeur. Die predikant wat die voorsitter van die kommissie was, het beweer dat daar ontevrede lidmate was en uit vrees vir verdere verliese na die kant van die APK is besluit om die versoek af te keer.

Antjie het uit dié kerk bedank. Twee maande daarna het die gemeente geweier dat 'n swart koor op Sendingsondag in die kerk mag sing met die gevolg dat haar man, op daardie stadium 'n diaken in die kerk, ook bedank het. Daarna het hulle lidmate geword van die NG Sendingkerk in die gekleurde woonbuurt waar die dominee in Afrikaans gepreek het, en die gemeente in Sotho gesing het. Baie van hulle vriende het soortgelyke keuses gemaak. Nie omdat hulle aktiviste of rebelle was, maar omdat die wit kerke dit nie vir gewone mense moontlike gemaak het om hulle gewone lewe met 'n skoon gewete te leef nie. Die kerk het dit moeilik gemaak om die regte dinge te doen in 'n land wat gekenmerk is deur ongeregtigheid.

Vir haar en haar familie het dit gevoel asof hulle die eerste keer Christene geword het. Asof hulle lewens en geloof, hulle gedagtes en oortuigings vir die eerste keer as 'n eenheid kon funksioneer. Hulle kerk was deel van die dorp, deel van die land en deel van die spektrum van God se kinders. Alles was daar: armoede en oorvloed, honger en vervulling, onderdrukking en bevryding, ongeregtigheid en 'n gevoel van behoort. Sy en haar familie is daar aanvaar soos nooit tevore en nêrens daarna.

"We as a family learned how to live outside ourself, learned to share, to accept, to fit in, to give, to live within the real relationships of this country – although in a way still from the outside, yet at the same time more inside this country than ever before."

"To crown it all: when there was a political march, our dominee would walk in the front row together with the other activists, while the diakens from our erstwhile church were lining the streets with guns and dogs, hatred and fear."

Hoekom vertel sy hierdie persoonlike verhaal?

...omdat dit die ervaring was van 'n hele aantal Afrikaners tydens die tagtigerjare – aangesien hulle gelewe het in 'n land waar nóg hulle politiek, nóg hulle woonbuurte, nóg hulle skole en kerke dit vir hulle moontlik gemaak het om hulle lewens volgens hul oortuigings uit te leef. "I think not much has changed today."

Die verhaal gaan verder. Dieselfde manne wat met hulle gewere en honde die strate beman het – het sy weer gesien, dié keer om aansoek te doen vir amnestie voor die WVK. Terwyl hulle getuig het, het dit duidelik geword:

"Religious spaces"

Volgens die Afrikaanse briewekolomme verskaf die kerk ruimte vir twee goed: om aandag te skenk aan die "Groot Twyfel" en aan "Ons rol in die verlede". Op sigself prysenswaardig, en dit ook terwyl alle kerke in 'n oorlewingstryd gewikkel is. Daar is baie gemeentes wat 'n maand tot maand bestaan voer. In die proses buig baie kerke agteroor om aan almal se behoeftes aandag te probeer gee - om lidmate te behou. Om die jeug en charismaties-georiënteerde lidmate te behou, word die styl, taal en ritme verander. Wonderlike werk word vir die armes en die bejaardes gedoen, dié sonder werk en die ongeletterdes. Daarvoor moet jy jou hoed afhaal. Maar is dit die somtotaal van wat die kerk behoort te wees? Is dit waarmee die kerk moet besig wees terwyl die vervreemding tussen Christene daagliks aan die toeneem is in ons land?

Dit is op dié punt waar 'n mens volgens haar maklik die kerk van die tafel af kan vee as irrelevant, sonder invloed en on-effektief. 'n Mens is in die versoeking om te vra of die kerk regtig sal en kan verander? Maar 'n mens behoort dit nie so te stel nie, aangesien die belangriker vraag is: Kan ons land oorleef sonder die kerk en meer spesifiek die Afrikaanse Gereformeerde kerke?

Voordat sy poog om die vraag te antwoord, kyk sy eers weer na die klein plattelandse dorpies met die hoë kerktorings wat dalk die meeste gekonfronteer word met die harde realiteite van transformasie. "This is the real coal face." Op nasionale vlak het transformasie plaasgevind, die leiers is swart, ons het dit aanvaar en nie veel het in ons lewens verander nie. Dieselfde is die geval op provinsiale vlak. Maar op die platteland is dit 'n ander storie. Hier is die hulpbronne skaars en behoort dit net aan 'n klein groepie, terwyl die nood groot is. Dit is in dié omgewing waar rassisme die hoofopskrifte haal, nie omdat die mense meer rassisities is nie, maar omdat hulle minder beskerming het. Oorlewing het die enigste waarde geword en rasse-stereotipering 'n belangrike instrument.

Geen wonder dat 56% van swart mense sê dat hulle nie 'n enkele blanke persoon ken wat hulle 'n vriend kan noem nie. Meer as 'n derde van alle wit mense kan weer nie aan 'n enkele swart persoon dink, ingesluit die mense wat vir hulle werk, wat hulle 'n vriend kan noem nie. Tog is die meeste Suid-Afrikaners Christene. Hoe kan ons vriende word as meer as 80% van swart mense nog nooit 'n enkele maaltyd saam met 'n blanke geniet het nie, terwyl 45% van die wit mense nog nooit 'n maaltyd saam met 'n swart persoon geniet het nie (statistiek voorsien deur die Instituut vir Geregtigheid en Versoening).

Waarheen is ons oppad met dié tipe statistieke? Hoe verduidelik die kerk hierdie statistiek?

Is die kerk nie die één plek wat 'n mens verwag waar daar gedeel moet word nie? 'n Plek waar daar nie kompetisie is oor hulpbronne nie omdat daar ruimte is vir al God se kinders? 'n Plek waar mense mekaar kan ontmoet om te deel en te geniet om versterk en vertroos te word vir die daaglikse uitdagings? Hoekom is die kerk nie by uitstek die plek waar Christene mekaar kan leer ken en versorg met die wete dat God se genade vir ons almal genoeg is nie? Hoekom sing ons nie mekaar se liedere, vertaal mekaar se preke tydens die diens, hou basaars oor grense heen, hou kerskonserte met swart engele, wit skaapwagters en 'n gekleurde Jesus nie?

Ons eerste verkiesing was deels so vreedsaam omdat swart en wit, ten spyte van die apartheidswette, daarin geslaag het om op meer as een manier goeie verhoudings met mekaar tot stand te kon bring. Binne 'n geforseerder ongelyke raamwerk het mense geleer om mekaar te vertrou tot 'n groter mate as wat enige iemand verwag het. Dit het verander, die groter raamwerk het verander. Ons moet nou aan nuwe verhoudings bou; as mekaar se gelykes moet ons daaraan bou. Nie met barmhartigheid of sending nie, maar as gelykes. As God se kinders moet ons mekaar as't ware van voor af leer ken, aanvaar en liefhê. Die politiek in ons land voorsien nie daardie ruimtes nie, ook nie ons werkplekke en woonbuurtes nie omdat dit almal plekke is waar om mag en toegang tot hulpbronne meegeding word. Dit is net die kerk wat oorbly. Dit is die enigste plek waar mense mense is omdat God ons gemaak het en daar genade en seën, vergifnis en liefde is wat die wêreld moet vul.

Daar moet dus genoeg swart mense wees wat empiries kan sê: ek ken wit mense, ek lewe saam met hulle, ek bid saam met hulle, hulle is mense soos ek – ons probeer almal om hierdie plaas, hierdie dorp, hierdie land aan die gang te hou. Dit is nie in die eerste plek 'n politieke versoek, maar 'n fundamentele vraag oor die "innermost fibre of Christianity".

Hoekom is die kerk nie by uitstek die plek waar Christene mekaar kan leer ken en versorg met die wete dat God se genade vir ons almal genoeg is nie?

Antjie sluit af deur te sê dat indien die kerk die ruimte kan verskaf vir mede-Christene om mekaar te ontmoet en saam met mekaar te leef "it would send shock waves through the calcified moral artery system of this country." Dit kan 'n land, wat huidiglik met 'n stel onnatuurlike meganismes leef, wakker maak met 'n oorgeplante hart wat warm en sterk klop met die genade van God vir alle mense.